

Standpunte en Jan Greshoff – Elsa Meihuizen

Die bydrae van akademiese en/of literêre tydskrifte tot ons intellektuele geskiedenis, en meer spesifiek tot 'n Suid-Afrikaanse literêre tradisie, is 'n gebied wat tot op hede nie genoegsame aandag gekry het nie. Elke tydskrif is uniek wat betref aspekte soos ontstaansgeskiedenis, publikasiegeskiedenis, gepubliseerde inhoud, resepsie en invloed ten tye van publikasie, asook in die langtermyn. Dit is egter ook so dat elke tydskrif deel vorm van die wyer netwerk van kulturele aktiwiteite van 'n spesifieke kultuurgroep, verwante kultuurgroepe, en selfs van menslike kultuur in die algemeen.

In hierdie referaat word gefokus op die tydskrif *Standpunte*, gepubliseer vanaf Desember 1945 tot 1986. *Standpunte* kan, binne die algemeen-geldende opset en lewensloop van Suid-Afrikaanse akademies-literêre tydskrifte, beskryf word as uitsonderlik in verskeie opsigte, soos die betrokkenheid van verskeie belangrike literêre figure, die feit dat die tydskrif in die lewe geroep en vir 'n lang tydperk in stand gehou is deur private fondse en effektief geadministreer is deur 'n handjievol individue gesitueer in verskeie sentra. Een van die mees uitsonderlike eienskappe van die tydskrif is egter die kultureel-diverse aard daarvan. Die aanvanklike inisiatief het uitgegaan van die digter-broers N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw wat van vroeg af ondersteun is deur twee digters van Nederlandse oorsprong, naamlik Jan Greshoff en W. Hessels (H.A. Mulder). Hierdie aanvanklike direksiegroep is uitgebrei, eers met die inkorporering van D.J. Opperman, en later deur die twee uitgelese Engelse digters, Anthony Delius en Guy Butler, te betrek. In hierdie referaat word gefokus op die invloed en bydrae van die Nederlandse digter, Jan Greshoff, tot *Standpunte*. Greshoff het vanaf 1939 tot met sy dood in 1971 in Suid-Afrika gelewe en gewerk, en het vanaf 1947 op die redaksionele raad van die tydskrif gedien.

Standpunte het vir die volle duur van sy bestaan 'n baie hoë standaard gehandhaaf in die publikasie van literêr-kritiese materiaal, oorspronklike kreatiewe werk, en artikels oor meer algemeenkulturele en -intellektuele aangeleenthede in Afrikaans, Nederlands en Engels. Van besondere literêr-historiese belang is die kronieke wat geplaas is van letterkundige werke gepubliseer in hierdie drie tale. Hiertoë het Greshoff 'n belangrike bydrae gelewer. Sy bydrae word in hierdie referaat ondersoek met inagneming van bestaande akademiese publikasies, maar daar word veral gefokus op ongepubliseerde manuskriptomateriaal gehuisves in die Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch, en uit die gepubliseerde inhoud van die tydskrif. Die storie wat hieruit voortvloei, is een van volgehoue beïnvloeding en verryking in die skepping en funksionering van 'n uitsonderlike kultureel-diverse forum wat van blywende belang is vir die literêre geskiedenis van beide Afrikaans en Nederlands.